NG Gemeente Prieska

VAKATURE: MEDELERAAR

(VOLTYDSE ONBEPAALDE TERMYNPOS)

Prieska: God se fontein waar almal welkom is

Die kerkraad wag in biddende afhanklikheid van die Here aansoeke in vir die pos van Bedienaar van die Woord.

GEMEENTEPROFIEL

Die volgende is vir NG Gemeente Prieska uiters belangrik:

- Ons gereformeerde belydenis, tradisie en spiritualiteit.
- Geloofsonderskeidende leierskap wat moeite doen om die wil van God te soek en te gehoorsaam.
- Ons missionêre roeping: die gemeente is in die proses om 'n missionêre roeping te formuleer.
- Ons wil 'n liefdesgemeenskap wees (verhoudingsgerig) wat in die samelewing en breër gemeenskap 'n verskil maak.
- Ons wil 'n inklusiewe gemeenskap wees wat *almal* wat die evangelie van Jesus Christus wil hoor, ongeag wie hulle is, met ope arms verwelkom en ontvang.
- NG Prieska bestaan uit vier streke en drie preekpunte. Prieska bestaan uit 'n Bergstreek, Rivierstreek, Marydale- en Niekerkshoop-streek.
- Die nuwe leraar se aanvanklike fokus is Niekerkshoop-streek en Rivierstreek .

LERAARPROFIEL:

- 'n Persoon wat na aan die Here leef.
- 'n Skrifgetroue prediker.
- 'n Persoon wat ons gereformeerde belydenis liefhet.
- 'n Persoon wat ons gemeentelede en *almal* in ons breër gemeenskap sal liefhê.
- 'n Persoon wat *al* ons gemeentewaardes met ons deel en ons sal help om te word, wat ons glo ons moet wees, maar nog nie is nie.
- 'n Persoon wat in spanverband kan en wil saamwerk.
- 'n Persoon wat intensioneel en doelgerig sal bou aan verhoudings deur middel van doelgerigte huisbesoek en wyksbyeenkomste.
- 'n Persoon wat intensioneel sal bou aan verhoudings met die VG Kerk Niekerkshoop.

VERGOEDING:

Die vergoedingspakket is onderhandelbaar met die sinodale skaal en ander voordele en riglyne as basis. Die gemeente beskik nie meer oor pastorieë nie, daarom word 'n behuisingstoelaag voorsien (standplaas Prieska).

AANSOEKE:

- Alle aansoeke moet vergesel word van 'n volledige CV (maksimum 3 bladsye), sowel as die name van drie referente met kontakbesonderhede. Stuur asseblief ook 'n gesinsfoto saam. Gee u MBTI-profiel of 'n soortgelyke persoonlikheidsprofiel.
- Die aansoeke moet aan ngkprieska@telkomsa.net gestuur word.
- **SLUITINGSDATUM** vir aansoeke: 31 Oktober 2019
- Kandidate moet vir 'n onderhoud beskikbaar wees. Dit sal wenslik wees indien die eggenoot/eggenote deel van die gesprek kan wees.
- Indien u vrae het kontak Ds Rudi Janse van Vuuren (084 549 9153) of die voorsitter van die kerkraad oudl. Danie Crafford (082 674 7161)

Die kerkraad behou die reg voor om nie net uit die aansoeke te beroep of enigsins 'n aanstelling te maak nie.